

# 'n Ware rondom- tjalie!

'n Pragtige tjalie  
wat vir minder as R3  
gehekel kan word

**BENODIGDHEDE:** *Pingouin-hekelgaring*  
Nr. 5 (250-g-keëls of bolle van 50 g); 250 g;  
hekelpen van 4 mm.

**L.W.:** Dit is raadsaam om al die garing wat  
benodig word gelyktydig te koop. Die hoe-  
veelheid garing is bereken volgens ge-  
middelde vereistes en is dus slegs by be-  
nadering.

**AFKORTINGS:** ks - kettingsteek; kb -  
kortbeen; lb - langbeen; herh - herhaal;  
oorbl - oorblywende; pat - patroon; vermeer  
- vermeerder; vermin - verminder; vlg -  
volgende; sp(s) - spasie(spasies); gs - glip-  
steek.

**AANWYSINGS:** Begin met 397 ks.

**Basisry:** Slaan 2 ks oor, \*1 kb in vlg ks, 2 ks,  
1 kb in vlg 3 ks, 1 ks, herh van \*, eindig laaste  
herh met 2 ks en 3 ks, draai.

**Pat-ry:** \*2 lb, 1 ks en 2 lb in 2-ks-sp (=   
dubbelmotief), 1 lb, 2 ks, 1 lb in 1-ks-sp  
(enkelmotief); herh van \*, eindig met 1 lb in  
laaste ks-sp, 3 ks, draai. Daar is nou 99  
motiewe.

Herh pat-ry nog 2 keer, met dubbel-  
motiewe in enkelmotiewe en omgekeerd.

**\*\* Vlg ry:** (vermin-ry): gs oor 1e motief,  
hekel voort tot einde, laat laaste motief  
ongewerk, 1 lb in draai-ks van vorige ry, 3 ks,  
draai. Herh vermin-ry nog 2 keer.

Hekel een ry sonder vermin. Herh van \*\*  
tot \*\* tot 1 motief oorbly. Heg af.

**AFWERKING:** Hekel 1 ry kb rondom tjalie  
en heg af.

